

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 26

30 Junie 2024



Vernuwende Denke (vervolg)

Wie kan verstaan wat die Here dink? Wie kan Hom raad gee? Ons kan hierdie dinge egter verstaan, want ons is ingestel om soos Christus te dink. – 1Kor 2:16

Liewe Heer, ek is so dankbaar dat U dit vir my moontlik maak om soos Christus te dink. Dit is die enigste manier waarop ek U Woorsd en U openbaring in my lewe kan verstaan. Lei en onderrig my deur die krag van U Gees wat in my woon, in alles wat ek moet weet, sodat ek dieper begrip van die dinge van U koninkryk kan ontwikkel. Help my om soos Christus te dink in alle besluite wat ek neem en in alles wat ek doen.

Ek sal My opdragte inskryf in hulle verstand sodat hulle dit kan verstaan. En Ek sal dit in hulle harte graveer sodat hulle dit sal gehoorsaam. Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. – Hebr 8:10

Here, prent U wette in my denke en graveer dit in my hart sodat hulle my op die regte pad sal hou wat U wil hê ek moet stap. Ek wil slegs deur U Gees gelei word en nie deur my vlees nie. Ek wil nie net U Woord lees nie, maar dit ook verstaan sodat ek dit ten goede in my lewe kan aanwend. Help my om 'n doener van U Woord te wees en nie net 'n hoorder nie. Graveer U Woord dieper in my hart elke keer wanneer ek daaruit lees.

Laat my gedagtes beheer word deur die hemelse dinge, nie deur dinge op die aarde nie.

- Kol 3:2 -

Here, ek gee nou my gedagtes vir U en vra dat U Heer en Meester daarvoor sal wees. Help my om aan U te dink, aan hoe ek U behoort te dien, en aan die feit dat ek 'n ewigheid saam met U kan deurbring. Help my om te dink aan U pad en U liefde en U doel vir my lewe. Help my om my gedagtes weg te kry van die aardse dinge wat geen betekenis en blywende voordeel inhou nie en eerder daaraan dink om ander te help en U wil te doen. Neem alle verwarring weg en maak my verstand helder, intelligent en vol vrede sodat ek groter dinge vir U koninkryk kan vermag.

Dankie!

- **Vir die krag van die Heilige Gees wat ons help om ons denke te kan vernuwe!**
- **Vir die Heilige Gees wat Jesus aan ons openbaar, ook Sy gedagtes!**
- **Vir die Woord wat Christus aan ons openbaar!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir God se plan vir SA.
- Vir ons skoliere en studente. Vir die veiligheid van ons jongmense...

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Marthie Jooste |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Allison Vorster |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Annatjie Pienaar | Jurie Matthee |
| • Jillian Jansen | Adolf Wolmarans |
| • Frelma Prinsloo | Alet Heads |
| • Ivan Garacki | Adri Botha |
| • Ansie Harrison | |

Gedagte vir die week

- **Julle gesindheid moet soos Jesus Christus s'n wees.**
- **Fil 2:5 NLV-**

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org